# Kareeberg Munisipaliteit

**48/2021 KWOTASIE: AFSAAG/SNOEI VAN BOME - VOSBURG**

Kwotasies word hiermee ingewag vir die afsaag/snoei van 'n aantal bome te Vosburg. Kwotasie moet volledige kostes insluit. Baie van die bome is baie hoog en die afsaag hou 'n groot risiko in, veral moontlike beskadiging van privaat eiendom. Kwoteerders moet derhalwe bewys van versekering vir sodanige skade aanheg aan die kwotasie of 'n bankwaarborg vir moontlike skade.

Meer besonderhede is op aanvraag verkrygbaar by die Hoof Operasionele Bestuurder.

**Kwoteerders moet hulle unieke MAAA nommer verstrek. Kwotasies sal verwerp word indien die voorgeskrewe verklaring van belange vorm (MBD4) nie aangeheg is nie. Geliewe daarop te let dat evaluering op die 80/20-puntestelsel sal geskied, en derhalwe moet die vorm MBD 6.1 ook ingedien word vir beoordeling op die 20-puntstelsel. Die ingevulde vorms MBD9 en MBD 8 moet ook aangeheg wees met bewys dat geen gelde aan 'n munisipaliteit verskuldig is ten opsigte van dienste en eiendomsbelasting. In geval van 'n maatskappy moet die direkteure se rekenings aangeheg word.**

Verseëlde kwotasies gemerk "**KWOTASIE: BOME, VOSBURG**" moet die ondergetekende voor of op **Donderdag, 16 September 2021** om **12:00** bereik, waarna dit in die openbaar oopgemaak sal word.

Die Munisipaliteit verbind hom nie om die laagste of enige kwotasie te aanvaar nie, en behou die reg voor om enige kwotasie as geheel of gedeeltelik te aanvaar.

MNR. Z. MJANDANA
WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER

Posbus 10
Carnarvon
8925

Tel. 053-3823012

7 September 2021

L8.2.1
Kennisgewingbord
Web, 7 September 2021